**Donderdag 21 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 17:1-8 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Matteus 17:1**
**Alleentyd saam met God is belangrik**

Alleentyd saam met God is belangrik. Jy word op verskeie plekke in die Bybel aangemoedig om te bid, te oordink en die Woord van God te bestudeer. Met hierdie alleentyd leer jy God ken, jy leer jouself voor God ken, jy leer die heerlikheid van God verstaan en jy leer wat God van jou verwag.

Een so 'n geleentheid waar Jesus se dissipels Hom beter leer ken het, word vir ons beskryf in Matteus 17:1-8. Jesus was besig om sy apostels op sy aardse lewe en werk voor te berei. Na die belydenis van sy goddelikheid (16:16), die aankondiging van sy lyding (16:21) en die woorde oor die komende oordeel (16:27, 28), maak Jesus sy goddelike glorie en majesteit in besonder bekend.

Jesus vra vir Petrus, Jakobus en Johannes om saam met Hom in afsondering te gaan. Hulle moes weg wees van al die ander, selfs van hulle mededissipels, in eensaamheid, alleen. Hulle moes spesiale getuies wees en net hulle drie moes nou sien en beleef wat geopenbaar sou word. Petrus, wat namens almal gepraat het, het Jesus sowat 'n week vantevore die Seun van God genoem (16:16). Hulle moes nou die glorie van die Seun van God sien. Alhoewel hulle al soveel bewyse van Jesus se Seunskap gesien het, sou hulle nou in besonder sy hemelse heerlikheid kon sien (vs 2, 5). Hierdie openbaring sou hulle ook voorberei vir die belangrike werk wat vir elkeen van hulle voorgelê het.

Ons Here roep elkeen van ons om ook alleentyd met Hom te spandeer. In hierdie alleentyd berei Hy jou voor op jou roeping en Hy leer jou ook om sy goddelike glorie en majesteit te leer ken. Maak tyd vir alleentyd saam met God, dis baie belangrik.

*Sing: Psalm 119-1:19, 20, 22*
*Dagstukkie Almanak 2014*